# 12 *Saterdag*

**SKRIFGEDEELTE: JOB 14 EN 15**
**FOKUSGEDEELTE: JOB 15:1-16**

**God se woorde voor jou karretjie?**

Die insig het by Job deurgebreek dat hy sy saak aan God self moet stel (Job 13:15). Hy besef dat dit lewensgevaarlik kan wees. Hy hou egter deur alles heen aan God vas. Hy wil nie eers ná sy kortstondige aardse lewe met God praat nie (14:13-15), maar nóú al.

Elifas begin 'n nuwe gespreksronde. Hy beskuldig Job daarvan dat hy die eerbied vir God afbreek. Deur Job se aanvalle op die vriende se gevestigde beskouings oor God, beweer Elifas, word "die stille oordenking" voor God se aangesig versteur (15:4 OAV). Hulle selfversekerde "teologie" word deurmekaar gekrap.

Elifas vra: "Beteken die troos wat van God kom, vir jou niks …?" (15:11). Watter troos is dit dan? Dis die troos wat Elifas sélf vroeër aan Job gegee het. Hy het dit mos in 'n droom ontvang (4:13). As Job nou sý woorde en die van sy vriende verwerp, meen Elifas, verwerp Job God se eie woorde. Elifas span God se Woord voor sy eie karretjie! Dis uiters gevaarlik.

Vandag nog hoor 'n mens soms hoe Christene beweer: "Die Here het vir my dit of dat gesê!" Hoe weet hulle dit? Kom dit ooreen met die Bybel? "Elifas-troos" is misleidend. Dit is baie beter om te wag op die Here en te hoop op sý Woord (Ps. 130).

In plaas van om elke nou en dan te beweer: "Die Here het dit en dat vir my gesê", ondersoek liewer die Woord van God, die Bybel. God gee vir dié wat só soek, lig – op sý tyd en op sý wyse (2 Pet. 1:19).

*Sing: Psalm 40:3*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*